NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 16 APRIL 2012 BY DIE JOHOTTO NASKOOLSENTRUM, LES MARAIS.

Voorsitter	**Sekretaris**	**Tesourier**
SH Erasmus	HB Groenewald	LC De Jager
Tel 0836349638	Tel (012) 6547438 of 0834694349	Tel 012 6547420
	E-pos :herman.groenewald@lantic.net	
	Faks: 0867508692	

1.0 Opening

1.1 Loutjie De Jager open met gebed waarna die Voorsitter almal teenwoordig welkom heet.

2.0 Teenwoordig.

2.1 C Snyman (President), SH Erasmus (Voorsitter), HB Groenewald (Sekretaris), LC De Jager (Tesourier), DD Fourie, NL Greyling, DWJ Jacobsz, RM Heunis, MT Mey, P Serfontein, I Weyer en LE Weyer.

2.2 Verskoning:
J Botha, JJ Champion en B Grobbelaar.

3.0 Nuwe lede.

3.1 Geen nuwe aansoeke is ontvang nie.

4.0 Lief en Leed

4.1 L De Jager herdenk sy geboortedag op 19 April en gelukwense word aan hom oorgedra.

4.2 Cobus Champion het ‘n ernstige hartaanval gehad. As gevolg van die swak toestand van sy hart kan hy nie ge-opereer word nie. Hy is ontslaan uit die hospitaal en sterk tans tuis aan.

4.3 Yvonne Coughlan, eggenote van wyle Tim Coughlan is oorlede asook Lance Keys (Beoordelaar).

4.4 ‘n Minuut van stilte word gehou vir die lede wat afgesterf en en diegene wat na siekte herstel het.

5.0 Fondsinsameling.

5.1 Die lede van Gloster Kanaries is verantwoordelik vir die maandelikse fondsinsameling by die Mei maandvergadering.

6.0 Bevestiging van notule van vorige vergadering.

6.1 Die notule van die Maart 2012 maandvergadering word goedgekeur.

7.0 Sake voortspruitend.

7.1 Advertensie vir items te koop/verkoop.

7.2.1 Les Weyer het budgie skouhokkies en fronte vir alle grootte skouhokke te koop.

.

7.2 Winterskou (Provinsiaal) (23/24 Junie 2012)

7.2.1 Die skouskedule is gereed en is reeds aan klubs met e-pos adresse gestuur. Die res van die skedules sal deur die loop van die week gepos word.

7.3 Jongvoëlskou. (5 Mei 2012).

7.3.1 Inskrywings vir die skou moet na afloop van die vergadering ingedien word.

7.3.2 Die skou sal aangebied word by die Eloffs Wes NG Kerksaal, h/v Louis Trichardt en Morganstrate, Eloffsdal Wes.

7.3.3 Die inkorfing van voëls sal op Vrydag tot 20:00 aanvaar word en Saterdag vanaf 06:30 tot 08:00.

7.3.4 Petro Serfontein skenk die ete wat aan die beoordelaars en lede bedien sal word. Die gebaar word hoog op prys gestel. Die Sekretaris stel voor dat die ete gratis aan die beoordelaars bedien word maar dat die lede daarvoor moet betaal ten einde fondse vir die klub te verkry. Hy meld dat daar na die Winterskou 2012 slegs ongeveer R7 000 fondse in die klub se rekening sal wees waarmee ons volgende jaar 'n Jongvoëlskou asook 'n Nasionale Skou mee moet aanbied. Dit sal nie naasteby voldoende wees om al ons uitgawes te delg nie en dat alle geleenthede aangegryp moet word om fondse te verkry. Na bespreking van die versoek word daar besluit dat die ete gratis aan almal teenwoordig gegee word. Chris Snyman het na die vergadering aangebied om 'n bedrag van R100,00 vir die ete te betaal. Dankie Oom Chris die gebaar word hoog op prys gestel. Moontlik kan ander lede ook vrywillig 'n bydrae vir die ete maak.

7.3.5 Norman Cawood het aangedui dat hy ongelukkig nie meer beskikbaar is om as beoordelaar vir Yorkshire en Norwich Kanaries op te tree nie. Daar word besluit dat Do Mare hierdie funksie oorneem.

7.4 Nasionale Skou 2013.

7.4.1 Daar is nog agt lyste vir die verkoop van looitjies aan lede van hierdie klub uitstaande. 'n Beroep word weer eens op lede gedoen om by die volgende vergadering terugvoering te gee hoe hulle vorder met die lyste wat aan hulle oorhandig is.

7.4.2 Cobus Champion het 'n handgemaakte mes vervaardig wat uitgeloot kan word om fondse te verkry. Les Weyer sal 'n foto van die mes laat neem om op die lyste vir die uitloot aangebring kan word.

7.5 Fondsinsameling.

7.5.1 Die saak staan oor.

7.5.2 Daadwerklike stappe sal gedoen moet word om fondse vir veral die Nasionale Skou, te verkry.

8.0 Finansiëleverslag.

8.1 Die finansiëlestaat vir Maart 2012 word ter tafel geneem en goedgekeur.

9.0 SANCBA.

9.1 Die volgende vergadering is op 3 Mei 2012.

10.0 **NRCBA**.

10.1 Die notule van die vergadering gehou op 15 Maart 2012 is ontvang en kennis word geneem van die inhoud daarvan.

10.2 Die notule van die maandvergadering gehou op 15 Maart 2012 is ontvang en kennis word geneem van die inhoud daarvan.

10.3 Lede wat belang stel om skouhokke te kry kan die volgende persone kontak:
Jimmy Stevens by telefoonnommer 011 972 5338
Otto by telefoonnommer 082 7477633.

11.0 Korrespondensie.

11.1 Die skouskedule van die Klerksdorp Kanarieklub wat op 11 en 12 Mei 2012 aangebied word, is ontvang en lede kan dit by die Sekretaris na afloop van die vergadering afhaal..

13.0 Afsluiting.

13.1 Die vergadering verdaag om 20:20.

13.2 Die volgende vergadering vind plaas om 19:00 op 14 Mei 2012.

SH Erasmus
Voorsitter
14 Mei 2012.

HB Groenewald
Sekretaris